

Welkom by NG The Reeds

**Veilige hawe
vir nuwe hoop**

*lemand in-Christus
leef rêrig anders.
Efs 4:24 - 5:5*



Votum



Seëngroet



Lied 530: 1

**Praat ek mense-, eng'letale,
maar dis nie uit liefde nie,
is my woorde hol simbole -
klanke sonder melodie.**

L 530:1 (vervolg)

**Al kan ek geheime uitlê,
berge deur geloof versit,
of al het ek al die kennis -
sonder liefde is ek niks.**

L 530:2

**Sonder liefde sal my gawes,
al my ywer, my nie baat:
Net die liefde, onbaatsugtig,
bly oorwin met goed die kwaad.**

L 530:2 (vervolg)

**Onreg kan dit nie verdra nie,
dit is met die waarheid bly.**


**Deur vergifnis, hoop, verwagting,
kom die beste in ons vry.**

L 530:3

**Al die tale, profesieë,
met die tyd gaan dit verby.
Net die liefde, die volmaakte,
kom en sal vir altyd bly.**

L 530:3

**Want geloof gee troos en rigting;
na die toekoms reik die hoop -
liefde is en bly die grootste:
Liefde sluit die lewe oop.**



Efesiërs 4:24-32

Lied 528: 1

Leer my u wil, Heer,

u doel met my -

U, Pottebakker, met my, die klei.

Vorm my en maak my volgens u wil;

op U vertrou ek, nederig stil.


L 528:2

Leer my u wil, Heer, u plan vir my;

laat ek nie doelloos, nutteloos bly.

Hou my erkentlik, Heer, in u werk:

As ek dan swak is, maak U my sterk.



Efesiërs 4:24-32

Efesiërs 1-3 – Wie ons in Christus gemaak is

Efesiërs 4-6 – Hoe ons in Christus moet leef

Efesiërs 4:1-16 – **Oproepe - kerk as geheel**

Efesiërs 4:1-6 – Leef as kerk, sodat die eenheid
gehandhaaf en bevorder word

Efesiërs 4:7-16 – Elkeen het gawe ontvang
wat eenheid dien & bevorder

Efesiërs 4:17-6:20 – Oproepe - Persoonlik

Efesiërs 4:17-24 – Beginsel van nuwe lewe

Efesiërs 4:25-32 – Nuwe mense leef anders

Efesiërs 5:1-14 – Nuwe mense is ligdraers

Efesiërs 4:15-6:9 – Nuwe mense se verhoudings
lyk anders

Efesiërs 6:10-20 – Nuwe mense is paraat & staan vas

24. lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.

25. Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.

26. As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. 27. Moenie die duiwel vatkans gee nie.

28. As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee.

29. Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.

30. En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag.

31. Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. 32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

24. Ja, trek die nuwe mens as kleed aan, wat in ware geregtigheid en heiligheid in ooreenstemming met God geskep is.

25. Daarom, vermy die leuen, en praat elkeen die waarheid met sy naaste, want ons is lede van een liggaam. 26. Word kwaad, maar moenie sondig nie. Laat die son nie ondergaan oor julle woede nie. 27. Moenie vir die Duiwel plek gee nie.

28. Die een wat nog steel, moet nie meer steel nie; hy moet eerder werk deur met sy eie hande te doen wat goed is, sodat hy iets het om vir die behoeftige te gee.

29. Nie 'n enkele afbrekende woord moet uit julle mond kom nie maar eerder 'n woord wat goed is vir noodsaaklike opbou, sodat dit voordeel mag bring vir diegene wat dit hoor. 30. En bedroef nie die Heilige Gees van God, deur wie julle met die oog op die dag van bevryding verseël is nie. 31. Laat vaar alle bitterheid en woede en gramskap en geskreeu en gelaster, saam met elke vorm van kwaad. 32. Wees goedgesind teenoor mekaar, met innige meelewing, terwyl julle mekaar vergewe, soos God in Christus julle ook vergewe het.

Pa en seun koop ontbyt by kitskos restaurant



“Kan ek asseblief nou my kos kry, want ek is haastig!”

A photograph of a fast-food restaurant counter. Several customers are standing in line, facing away from the camera. Above the counter, there are several illuminated menu boards displaying various food items like burgers, fries, and salads. The scene is brightly lit and shows a typical fast-food service environment.

*“Lewe as nuwe mense wat as die beeld van
God geskep is: lewe volkome soos die wil
van God en wees Heilig”*

Ef. 4:24

Toe ons Christus leer ken het... nie net...

...het Hy vir ons 'n totaal nuwe identiteit gegee

In die vorige gedeelte
vergelyk Paulus die
'ou' en 'nuwe' lewe
van die gelowiges
met kleres

Waarom leef ons asof
ons die “ou kleres”
steeds aan het?

Hoekom dink ons nie
anders oor onself?

Paulus roep die
gelowiges op om as
nuwe mense in
Christus te lewe

Om prakties te verduidelik gee
hy 5 voorbeelde wat hy bedoel



Wat telkens opval
is die begronding
of motivering wat
gegees word (25,30,32)

Moontlik deel van dooponderrig



Moet nou nie die Heilige Gees bedroef, keer
of verhinder om jou te verander nie

Wat telkens opval
is die begroning
of motivering wat
gegee word (25,30,32)

Moontlik deel van dooponderrig





**1. Vermy die
leun en praat
die waarheid**

Dit was hulle
“surviving skill”



1. Vermy die leun en praat die waarheid

Waarheid bou
‘n positiewe
karakter



2. Word kwaad maar moenie sondig nie

Moenie die duiwel
vatplek gee nie
– onbeheersde woede
– nie kwaad gaan slaap



2. Word kwaad, maar moenie sondig nie

Skep veilige ruimte
as almal kalm en in
vrede hul mening
kan deel



3. Wie steel moet ophou en met eie hande hard werk

**In omstandighede
van gebrek en
hongerte was
diefsal algemeen**



3. Wie steel moet ophou en met eie hande hard werk

Lewenshouding
van vrygewigheid



4. Laat vaar afbrekende woorde en praat opbouend

**Minderwaardigheid
lei altyd tot
afbrekende gedrag**



4. Laat vaar afbrekende woorden en praat opbouwend

**Fokus op wat iemand
reg doen & maak God
se genade
teenwoordig**



**5. Breek met
jou bitterheid,
woede, raserige
bakleiry en wys
goedgesindheid,
hartlikheid en
vergifnis**



**5. Breek met
jou bitterheid,
woede, raserige
bakleierij en wys
goedgesindheid,
hartlikheid en
vergifnis**



Iemand
in-Christus
leef rêrig
anders



Gebed



Flam 41

1. Jou lewe is 'n lofgedig,
geskryf tot Sy eer.

Sorgvuldig elke woord gekies,
soos die reënboog se kleur.

Jy's beplan in die hemel,
verteenwoordiger van God.

Sorgvuldig aan mekaar geweef
om te leef met een gebod.

Mag jy omgee en liefhê
en so sy beeld uitdra
in 'n wêreld wat verward is
en na ware liefde vra.
Mag jy omgee en liefhê
en so sy Naam vereer
by almal wat op soek is
na die antwoord op hul seer.

2. Jy's gebore in die wêreld,
maar gemaak vir 'n paradys,
om te lag en te lewe,
soos 'n prins in 'n paleis.
So waarom dan die sonde
waaraan jy so bly klou,
wat steeds Sy beeld vernietig
en jou vreugde stukkend kou?

Mag jy omgee en liefhê
en so sy beeld uitdra
in 'n wêreld wat verward is
en na ware liefde vra.
Mag jy omgee en liefhê
en so sy Naam vereer
by almal wat op soek is
na die antwoord op hul seer.

Onthou, jy's 'n beeld van God
wat kan skitter soos kristal,
om die wêreld te herinner
daar's 'n God in die heelal.
Kom dan nou en vat sy hand
en leef soos sy kind,
wat Hy self gemaak het,
en jy sal vreugde vind.

Mag jy omgee en liefhê
en so sy beeld uitdra
in 'n wêreld wat verward is
en na ware liefde vra.
Mag jy omgee en liefhê
en so sy Naam vereer
by almal wat op soek is
na die antwoord op hul seer.

Seën

